



Liewe SUT Gemeenskap

My kommuniqué van 17 Maart 2020 verwys. Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie het aangekondig dat alle naskoolse instansies vanaf 18 Maart 2020 gesluit sal wees vir vroeë vakansie, en weer op 15 April, na die Paasaweek, sal heropen. Hierdie is nie 'n sluiting van universiteite nie, maar 'n vroeë vakansie, wat hoofsaaklik beteken dat akademiese aktiwiteite en lesings opgeskort word. Hierdie aankondiging is in lyn met ons vorige besluit om die vakansie op Woensdag, 18 Maart 2020 te begin.

Ons, as die SUT gemeenskap, is daartoe verbind om in solidariteit en eensgesindheid saam te werk om die verspreiding van COVID-19 (die koronavirus) te beperk. Soos u weet, en soos deur ons regering en die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (Nios) gekommunikeer, is ons nou in die *inperkingsfase* van COVID-19 (die koronavirus), en, as deel van ons gemeenskaplike toewyding om die risiko's rakende die *gemeenskapsoordragbare-fase* te verminder, moet almal van ons sosiale afstand hou ten einde die verspreiding van die virus te minimaliseer.

Gelet op hierdie feit, het Bestuur, in samewerking met die SUT COVID-19 Insidente Bestuurspan, bestaande uit alle belanghebbendes en kundiges aan die universiteit, besluit om die volgende maatreëls met onmiddellike effek te implementeer:

- ❖ Die vakansietydperk van 18 tot 29 Maart 2020 word tot Dinsdag, 14 April 2020 verleng. Die universiteit sal tans op 15 April 2020 heropen.
- ❖ Alle kontakssessies vir voorgraadse studente, asook vir studente in gevorderde diploma-, honneurs- en nagraadse diplomaprogramme, insluitende lesings, toetse en laboratoriumwerk, word vir hierdie tydperk opgeskort.
- ❖ Alle universiteitskoshuise moet teen Saterdagoggend, 21 Maart 2020, ontruim word. Studente wat om finansiële redes nie die koshuise kan ontruim nie, moet asseblief die Registrateur kontak.
- ❖ Die akademiese aktiwiteite vir alle studente sal vanaf Maandag, 30 Maart 2020 tot Dinsdag, 14 April 2020 aanlyn plaasvind. Dosente sal via eThuto met studente in verbinding tree, en studente moet dus asseblief hierdie onderrigplatform gereeld besoek. Hierdie is 'n poging om proaktief op te tree en te verseker dat ons die verlengde vakansietyd effektief gebruik, as gevolg van die onsekerheid rakende die res van die 2020 akademiese jaar. Ons is bewus daarvan dat sommige van ons studente nie aanlyn toegang het nie. Telkom het reeds nulkoers data verklaar, wat beteken dat hul gebruikers gratis toegang tot eThuto via www.cut.ac.za kan verkry. Pogings word tans aangewend om ander datamaatskappye so gou as moontlik aan boord te bring.
- ❖ Werkgeïntegreerde Leerprogramme kan deur óf die werkgewer óf die student, in oorleg met die betrokke fakulteit, opgeskort word.

- ❖ Meesters- en doktorsgraadstudente mag met hul navorsingsaktiwiteite voortgaan, op voorwaarde dat hulle nooit meer as vyf (5) persone in 'n groep of laboratorium is nie. Die Studieleiers en Promotors van M- & D-studente moet seker maak dat maatreëls geïmplementeer word om die veiligheid en welstand van hierdie kohort studente te verseker.
- ❖ Hierdie reëlins sal 'n impak op die werksaamhede van die universiteit hê. Ten einde die risiko's te minimaliseer, sal alle personeel vanaf 19 tot 20 Maart 2020, en vanaf 30 Maart 2020 tot 14 April 2020, fleksi-ure of, waar moontlik, van die huis af werk, ten einde personeel in staat te stel om ons studente met aanlynaktiwiteite by te staan, terwyl hulle sosiale afstand hou. Die betrokke Lynbestuurders sal hulle werksreëlins bestuur.
- ❖ Met betrekking tot die tydperk 23 tot 27 Maart 2020, en in teenstelling met wat in my vorige communiqué van 17 Maart 2020 gekommunikeer is, sal spesiale verlof ook vir hierdie tydperk aan alle personeel toegestaan word, welke verlof deur die Menslike Hulpbronne Afdeling geprosesseer sal word. Gedurende hierdie tydperk (23 tot 27 Maart 2020) sal diepskoonmaak en ontsmetting in alle geboue op die kampusse plaasvind. Alle personeel word versoek om te verseker dat hul werkspasies en kantore opgeruim is, en dat waardevolle en persoonlike items weggebêre is. Laasgenoemde het ook betrekking op vertroulike dokumente. Dienste wat noodsaaklik vir die universiteit is, soos Beskermingsdienste, sal gedurende die week van 23 tot 27 Maart 2020 normaal voortgaan.
- ❖ Op die oomblik sal die Junie-eksamen, asook die siekte, spesiale en hereksamens, uitgestel word, wat heel waarskynlik die Julievakansie tydperk sal beïnvloed. Die hersiende datums sal op 'n latere stadium gekommunikeer word.

Neem asseblief kennis dat bogenoemde van die situasie rakende COVID-19 afhanklik is. Ons Besigheidskontinuïteitsplan word voortdurend opdateer en versterk om te verseker dat ons genoegsame strategieë in plek het om hierdie bedreiging, en die risiko's wat die SUT gemeenskap en die land in die gesig staar, te takel. Ons sal gedurende hierdie tydperk voortgaan om met alle rolspelers te vergader ten einde die situasie te assesseer. Verdere kommunikasie met betrekking tot die reëlins vanaf 15 April 2020 en daarna sal plaasvind namate ons die situasie assesseer.

Die volgende maatreëls wat in my communiqué van 17 Maart 2020 weergegee is, word beklemtoon:

- ❖ 'n Verbod is op alle inkomende en uitgaande internasionale reise deur personeel, studente en besoekers geplaas, met effek vanaf 16 Maart 2020 tot einde Junie 2020.
- ❖ In ooreenstemming met die nasionale beroep, sal alle nasionale gebeurtenisse met betrekking tot konferensies, seminare, simposiums, werkswinkels en geleenthede wat deur die universiteit aangebied word, en wat daartoe sal lei dat inkomende gaste die universiteit sal besoek, gekanselleer word, effektief vanaf 16 Maart 2020 tot einde Junie 2020.
- ❖ Die herfsgradeplegtighede wat vanaf 17 tot 22 April 2020 sou plaasvind, sal na 'n latere datum in die jaar, wat nog vasgestel moet word, verskuif word. Die Registrateur sal met die graduandi kommunikeer rakende hoe hulle die sertifikate vir hul kwalifikasies kan bekom.
- ❖ Die streng higiëniese maatreëls wat op ons kampusse geïmplementeer is, word versterk, insluitende in die koshuise, lesingslokale, laboratoriums, kantore en ablusiefasiliteite.
- ❖ Studente en personeel wat vanaf 14 Februarie 2020 na hoë-risiko lande gereis het, word vir 'n tydperk van 14 dae in selfkwarantyn geplaas, en indien enige van die simptome waargeneem word, sal daar van sodanige individue verwag word om verpligte toetse te ondergaan. Die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking het op 17 Maart 2020 die volgende lande as hoë-risiko lande geïdentifiseer: Italië, Iran, Suid-Korea, Spanje, Duitsland,

die Verenigde State van Amerika (VSA), die Verenigde Koningryk (VK), Switserland en die Volksrepubliek China. Hierdie besluit sal deur die betrokke Lynbestuurders wat ingevolge Artikel 16.2 van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid aangestel is, geïmplementeer word.

- ❖ Ons het reeds onmiddellike en deurgaanse kommunikasie met SUT studente wat tans op uitrustingsprogramme oorsee is, bewerkstellig, en verdere maatreëls sal, waar nodig, geïmplementeer word.
- ❖ Ons Kommunikasie-strategie, asook die bewusmakingsveldtog onder die SUT gemeenskap oor hoe om die verspreiding van die virus te voorkom en die welstand van almal te verseker, sal versterk word.

Verder is beide die Bloemfontein- en Welkomkampusse se Primêre Gesondheidsorgklinieke op hoë vlakke van gereedheid, en het ons alle aksies wat deur die Nasionale Departement van Gesondheid sowel as die Vrystaatse Departement van Gesondheid voorgeskryf is, geïmplementeer. Geaffekteerde en geïnfecteerde studente en personeel moet onmiddellik hulp soek. **Wat om te doen indien jy vermoed dat jy met die koronavirus besmet is:**

- ❖ Rapporteer dit aan die Nasionale blitslyn: 080002999
- ❖ Rapporteer aan jou dokter, kliniek of naaste mediese fasiliteit. Die gekose metode is om dit deur middel van 'n telefoonoproep te doen.
- ❖ Indien jy nie enige van die bogenoemde in die hande kan kry nie, kontak ER24 by 084124.
- ❖ Mediese fasiliteite rondom Mangaung sluit in: MediClinic, Rosepark, Universitas, Pelonomi, Busamed of plaaslike klinieke.
- ❖ Mediese fasiliteite rondom Welkom sluit in: MediClinic, Bongani Hospitaal, of plaaslike klinieke.
- ❖ Stel jou Lynbestuurder by SUT per telefoon in kennis. Moet nie fisies met hom/haar in verbinding tree nie.
- ❖ Raadpleeg die SUT Inligtingsentrum oor die koronavirus: <https://www.cut.ac.za/coronavirus>

Aangesien die gesondheid en welstand van ons personeel en studente ons hoogste prioriteit by SUT is, is ons oortuig daarvan dat hierdie bykomende maatreëls, insluitende om fisiese kontak met ander mense te minimaliseer, daartoe sal bydra dat die verspreiding van die virus gestuit word.

Sien asseblief om na u algemene welstand. Ek vertrou dat u positief op hierdie maatreëls sal reageer, en dat ons, as die SUT Span, in samewerking met ons mede-Suid-Afrikaners en internasionale studente, hierdie krisis sal oorkom.

Mag julle almal geseënd wees!

Prof. Henk de Jager

Visekanselier en Rektor

(18 Maart 2020)